**Maandag 15 Augustus**

**Skrifgedeelte: Jesaja 9:1-6; HK, Sondag 19:50-51**
**Fokusgedeelte: Jesaja 9:5-6**

## Sien die gloed van die Here se liefde in die troonsbestyging van die Vredevors!

Wanneer die Here deur die profeet Jesaja hierdie trooswoord aan sy volk stuur, beleef hulle groot politieke en geestelike nood. As gevolg van hulle ligging was Sebulon en Naftali aan heidense invloede en oorheersing blootgestel en is hulle deur oorloë lamgelê. Teen hierdie donker agtergrond, laat die Here ’n heerlike lig vir sy volk (en ook vir sy kerk!) skyn.

Ons land is in die verlammende greep van politieke en geestelike nood vasgevang. ’n Doodskauwee val oor die land en sy burgers – ons wandel en woon (vs 1) in hierdie skaduwee – ons kan daarvan nie loskom nie. Dit beheers ons daaglikse lewe … dit verstik ons. Alleen die lig van verlossing uit genade alleen kan hierdie doodskaduwee verdryf en blywende vrede bring. En ágter die verlossing uit genade alleen is die gloed van die Here God se liefde.

Dit is uit liefde dat Hy sy Seun gegee het – in vervulling van hierdie profesie van Jesaja – om die juk van die sondelas op Hom te neem. Toe sy liggaam aan die kruis tot versoening van ons sonde gebreek is, is die juk en die stok en die roede van die sondelas verbreek. Op grond van sy kruisdood en opstanding uit die dood het Hy die eerste plek in die heelal ingeneem, ontvang Hy die Koningsmantel. Met sy hemelvaart het Jesus die troon bestyg. Daar regeer Hy as Hoof oor alles en almal, en regeer die Vader deur Hom. As Troonopvolger van Dawid bevestig en versterk Hy die koninkryk, want deur die Heilige Gees gee Hy gawes aan ons om mekaar – te midde van die politieke en geestelike nood – te dien. Ons word deur ons Here Jesus bewaar in hierdie greep van geestelike en politieke nood teen die doodsvyande wat in die doodskaduwee floreer.

Dít alles doen die Here uit liefde vir sy kerk. Uit liefde vir jou! Soos wat die Here in sy onverdeelde trou vir sy volk uitkoms gebring het, is dit daardie selfde gloed van sy liefde wat in die verlossingswerk van Jesus Christus lig in duisternis gee.

*Sing: Skrifberyming 3-1:1, 2, 3*

*Ds. JC (Jannes) van Dyk (Ventersdorp)*